Pretoria- 26 Januarie 2014

Skriflesing: Joh.1:1-5; 14 ; Rom.9:1-5;
Nederlandse Geloofsbelydenis**: Art 10**
Teks**: Joh. 1:3, 14, Rom.9:4**
Sing- Ps. 45:9; Ps. 145:12; Ps. 46:6

Johannes 1:1-5
Joh 1:1 In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.
Joh 1:2 Hy was in die begin by God.
Joh 1:3 Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie.
Joh 1:4 In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense.
Joh 1:5 En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

Joh 1:14 En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon—en ons het sy heerlikheid aanskou, 'n heerlikheid soos van die Eniggeborene wat van die Vader kom—vol van genade en waarheid.

Romeine 9:1-5
Rom 9:1 Ek spreek die waarheid in Christus, ek lieg nie my gewete getuig saam met my in die Heilige Gees
Rom 9:2 dat dit vir my 'n groot droefheid is en 'n onophoudelike smart vir my hart.
Rom 9:3 Want ek sou self kon wens om ter wille van my broers, my stamgenote na die vlees, 'n vervloeking te wees, wég van Christus af.
Rom 9:4 Hulle is Israeliete aan wie die aanneming tot kinders behoort en die heerlikheid en die verbonde en die wetgewing en die erediens en die beloftes;
Rom 9:5 aan wie die vaders behoort en uit wie die Christus is na die vlees Hy wat oor alles is, God, lofwaardig tot in ewigheid! Amen.

Artikel 10: Die Godheid van Jesus Christus
Ons glo dat Jesus Christus ten opsigte van sy Goddelike natuur die eniggebore Seun van God is. Hy is van ewigheid af gebore; Hy is nie gemaak nie en nie geskep nie, want dan sou Hy 'n skepsel wees; Hy is een wese met die Vader, ewig saam met Hom, die ewebeeld van die Persoon van die Vader en die afskynsel van sy heerlikheid (Heb. 1:3) en in alles aan Hom gelyk (Filp. 2:6). Hy is van ewigheid die Seun van God en nie slegs sedert Hy ons natuur aangeneem het nie; so leer die volgende getuienisse ons as hulle met mekaar vergelyk word: Moses sê dat God die wêreld geskep het, en die heilige Johannes sê dat alle dinge ontstaan het deur die Woord, wat hy God noem (Gen. 1:1 en Joh. 1:3). Die apostel sê dat God die wêreld deur sy Seun gemaak het en ook dat God alle dinge deur Jesus Christus geskep het (Heb. 1:2 en Kol. 1:16). So moet Hy wat God, die Woord, die Seun en Jesus Christus genoem word, dus reeds bestaan het toe alles deur Hom geskep is. En daarom sê die profeet Miga: *'Sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid'* (Miga 5:1), en sê die apostel:*'Hy is sonder begin van dae of lewenseinde'* (Heb. 7:3). Hy is dus die ware, ewige God, die Almagtige, wat ons aanroep, aanbid en dien.

Joh. 1:18, 34 en 49; 1: 14; Kol 1:15; Heb. 1:3; Matt. 3:17; 17:5; Joh. 8:24; 10:30; 9:36; Hand. 8:34; Jes. 7:14; Rom. 9:5; 1 Tess. 3:11; Filp. 2:11; 2 Kor 5:19; Hand. 20; Ef. 3:9; Rom. 14; Tit. 2; 1 Kor. 8:6; Heb. 1:1; 3:4; Joh. 1:3; 1 Joh.5:7, 14, 20; Op. 1-6; Joh. 8:58; 17:5; 1 Kor. 10:9,. Gal 4:4; Miga 5:2; Kol 1:15; Ps. 2:7, 12; Heb. 13:8.

Skriflesing: Joh.1:1-5; 14; Rom. 9:1-5
Nederlandse Geloofsbelydenis**: Art 10**
Teks**: Joh. 1:3, 14, Rom.9:4**
Sing- Ps. 45:9; Ps. 145:12; Ps. 46:6
Baie van ons het al die ervaring gehad, broeder en suster, dat daar mense aan jou deur kom klop, gewoonlik is hulle twee bymekaar, nooit kom hulle een-een nie, en dan kom ons gou agter dat hierdie is Jehova getuies wat met ons wil praat. Hulle hou hulle voor as baie vriendelik, baie subtiel sal hulle voorgee hoe goed bedoel hulle besoek dan ook nou is. Maar

geliefdes, dit is waar ons paaie met hulle moet skei. Die moderne Jehova getuie is daarvoor bekend dat hulle die godheid van Jesus Christus ontken.

Hulle is egter besig met ’n baie ou-ou dwaling. In die jaar 313 was daar in Alexandrië die priester Arius wat ontken het dat Jesus God is. Sekerlik was hy ook nie die eerste wat dit gedoen het nie, maar dat sy optrede baie mense op ’n dwaalspoor gebring het, is duidelik. Wat Arius verkondig, is dat Jesus is wel ’n baie belangrike Persoon gewees, God het Jesus geskape om deur Hom die toekomstige dinge te skape. Volgens hom was Jesus die eerste en vernaamste skepsel van die Vader gewees maar dat daar beslis ’n tyd was wat Jesus nie bestaan het nie, is deel van Arius se dwaling.

Ons belydenis is baie duidelik teen wat Arius gesê is, opgestel. Ja, ons kan ook dink aan Athanasius wat hard en duidelik teen Arius standpunt ingeneem het. Op die konsilie van Nicea 325nC is daar oor die Godheid van Jesus Christus duidelike belangrike besluite geneem. Ook wanneer ons die geloofsbelydenis wat op hierdie kerklike vergadering geskryf was nagaan dan stel die geloofsbelydenis van Nicea die Godheid van Christus baie duidelik. Ons bely dit so duidelik dat ons glo - **in een Here Jesus Christus, die eniggebore Seun van God, voor al die eeue uit die Vader gebore: Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God, gebore, nie gemaak nie, een in wese met die Vader, deur wie alles tot stand gekom het.**

***

Hier word op viervoudige wyse na die Godheid van Christus heen gewýs. Christus dra goddelike name, Christus het goddelike eienskappe, daar word aan Christus goddelike eer betoon, en Hy doen Self goddelike werke. In 1 Joh. 1:1 en Rom.9:5 word daar na Christus verwys as die Een wat van die begin af alreeds was, Hy, Christus die Woord van die lewe, maar voeg Romeine hierby dat Christus is God lofwaardig tot in ewigheid… As dit gaan oor die goddelike eienskappe van Christus lees ons Joh. 8:58: *Jesus sê vir hulle: Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, voordat Abraham was, is Ek.* Aan Christus moet goddelike eer betoon word. Dit lees ons in Matt.28:19 dat daar in die Naam van Christus gedoop moet word, dat daar in Christus geglo moet word - Joh.14:1- ***1*** *Laat julle hart nie ontsteld word nie; glo in God, glo ook in My.* In Fil.2:10 moet daar in aanbidding voor Christus gekniel word- ***10*** *sodat in die Naam van Jesus sou buig elke knie van die wat in die hemel en die wat op die aarde en die wat onder die aarde is,* ***11*** *en elke tong sou bely dat Jesus Christus die Here is tot heerlikheid van God die Vader.* Wonderlik wie die godheid van Christus besef

kan die goddelike werke sien wat Christus gedoen het. ***3*** *Alle dinge het deur Hom ontstaan, en sonder Hom het nie een ding ontstaan wat ontstaan het nie…*

***

Wanneer Johannes die Godheid van Christus duidelik openbaar dan noem Johannes vir Christus die Eniggeborene van die Vader (Joh. 1:14) en in Joh. 3:16 en ook weer vers 18. Eers die bekende Joh. 3:16- ***16*** *Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie, maar die ewige lewe kan hê.* Ook vers 18 - ***18*** *Hy wat in Hom glo, word nie veroordeel nie; maar hy wat nie glo nie, is alreeds veroordeel omdat hy nie geglo het in die Naam van die eniggebore Seun van God nie.* Christus die Eniggebore Seun word in die Kategismus nader verklaar dat Hy alleen die ewige natuurlike Seun van God is (Sondag 13 Kategismus). Dit sluit alles weer aan by Heb.1:3- ***3*** *Hy, wat die afskynsel is van sy heerlikheid en die afdruksel van sy wese en alle dinge dra deur die woord van sy krag, nadat Hy deur Homself die reiniging van ons sondes bewerk het, het gaan sit aan die regterhand van die Majesteit in die hoogte...*

Baie belangrik dat Christus nie die Eersgeborene van God genoem word met die gedagte dat daar nog ander "natuurlike seuns" van God is nie, nee Christus is die Enigste Kind in die sin, maar Hy word die Eniggeborene en Eersgeborene van God genoem met betrekking tot ons as mense. Sondag 13 stel dit hier ook weer duidelik dat ons is ***om Christus ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem...*** Rom 8:29 sê hieromtrent dat Hy die *eersgeborene kan wees onder baie broeders* en hiermee saam sê Kol 1:15 dat *Hy die eersgeborene van die hele skepping is...* Dit gaan om Christus se regsposisie wat natuurlik glad nie beteken dat die begin van Christus was asof Hy ook 'n geskape Wese is nie. Hy is van ewigheid af god, dit is nie asof God Hom op 'n stadium as Kind van Hom geskape het nie, Hy is ewig soos wat God ewig is. Psalm 89:27 het hierdie regsposisie al so duidelik geprofeteer - *Ja, Ék sal hom 'n eersgeborene maak, die hoogste onder die konings van die aarde.*

***

Broeder en suster, wanneer ons by die deel van ons belydenis kom dan besef ons hierdie is wesentlik belangrik. Ons het nie maar hier met iets wat as bykomstig tot ons geloof moet staan, te doen nie. Hier gaan dit om die wese van ons geloof. Wie op die stuk van die belydenis val, val heeltemal. As dit was dat Christus nie waarlik God is nie dan kan die christelike geloof in alles bevraagteken word. Dan was dit waarlik maar net nog 'n godsdiens. Dan ken ons God nie waarlik nie. Dan moet ons alle evangelisasie- en sendingwerk onmiddellik stopsit want ons twyfel dan oor Wie Christus is. Dit kan en mag nie! Daar is

soveel implikasies as ons die deel van ons belydenis verloor want dan is ons kennis oor God in die war. As ons nie kan sê Wie God is nie, dit wat God oor Homself so duidelik openbaar, as ons nie kan sê dat Jesus God is en dat Hy van die Vader neergedaal het nie, maar net maak asof Hy mens is, wat maar net soos ons is, een soos ons, dan kom die eer ons toe en nie die Vader nie. Vanoggend het ons mos reeds daarop gewys dat daar geen eer is wat die mens toekom nie, al wil ons so baie keer op so baie eer aanspraak maak.

Ons belydenis laat al hierdie twyfel en mense redenasies wegval. Alles gaan om een punt. **Jesus is God**. Later sal die Nederlandse Geloofsbelydenis dit nog duideliker maak waar daar wel in Art 18 en 19 oor sy menslike natuur gehandel sal word maar ook oor die eenheid van sy twéé nature, sy goddelike natuur, sy menslike natuur is ongedeel, ongeskeie, onvermengd, onveranderd.

Ons sluit af- Ons weet daar was nooit 'n tyd wat Jesus nie bestaan het nie. Hy kom uit die ewigheid, Hy was nooit geskep nie. Sy geboorte in Bethlehem was nie sy oorsprong nie. Hy was dan Self tydens die skepping betrokke. Ons slotsom kom met 'n woord uit Miga 5:2- *En jy, Betlehem Éfrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en ... sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid.* Omdat Jesus waarlik God is, het ons die sekerste hoop wat daar kan wees. Dit is met hierdie sekerheid wat talle van ons voorgangers in die geloof vreesloos na die brandstapel kon stap, is hulle lewendig verbrand, want het hulle geglo, daarvan was hulle seker dat Jesus is God. Laat daar by ons geen twyfel wees nie.

Ons moet nie vir ons allerhande Jesus-beelde skep nie, soos 'n liewe Jesus beeld, wat 'n sosiale konnotasie het, of die liberale Jesus-beeld wat uit die tyd van die Aufklärung kom, of die rewolusionêre Jesus-beeld waarmee die bevrydingsteologie besig was en lyk my waaruit die ANC onverpoosd nog altyd maar weer wil munt slaan. Met sulke beelde wat die ware Christus nie ken nie, wat Hom as God nie heilig nie, wat eintlik maar menslike beelde pas, kan ons nie vorentoe gaan nie. Ons moet op die einde kan sê dit wat Thomas uitgeroep het, as Hy Jesus sien, sy vinger sal hy in sy sy kan steek, ja al wat Thomas kon sê is waar dit waarlik om gaan- *My Here en my God...* Hy is God uit God, lig uit lig, ware God uit ware God.

AMEN